# Fees van *Shofar* 5786

Die fees van *shofar* is ook bekend as יְוֹם תְּרוּעָה (*yôm t'roe-Ah*), 'n woord wat vertaal as "lawaai, soos van 'n vreugdekreet of oorlogskreet". Ons vind die volgende opdrag in Skrif:

> *Vayiqra* 23 [24]"Praat met die seuns van *Yisra'el* en sê: 'In die sewende maand, op die eerste dag van die maand, moet julle rus. Dit is 'n gedenkdag deur die blaas van die ramshoring (*shofar*), 'n afgesonderde byeenkoms.[1]

Hierdie is dus nie 'n versoek wat tot ons gerig word nie, maar 'n bevel. Daar is egter geen opdrag wat aandui dat die *shofar* menige kere tydens die dag geblaas moet word nie, maar is iets wat deur die *Y'hudim* ingestel is baie jare gelede. Uit die vertaling hier bo, is dit dus 'n dag van uitbundige vreugde, met luide geskreeu, meer as net die blaas van die *shofar*. Dit beteken nie dat die *shofar* nie geblaas hoef te word nie, maar dit behoort nie die enigste luide klanke wees nie.

Op die kalender van *YAH* staan hierdie dag bekend as 'n dag van herinnering, 'n byeenkoms wat gevier word deur die blaas van die *shofar*, sowel as luide stemme. Met die aanbreek van die sewende maand op *YAH* se kalender, begin die feesseisoen van *Sucot*, so genoem omdat die finale fees op die kalender die fees van insameling is en daar in tydelike woonplekke gebly word. Tydens hierdie fees herdenk ons *YAH* se voorsiening deur die jaar, word ons herinner aan tydelike wonings waarin die volk van *Yisra'el* gewoon het tydens hul wildernistog, asook die voorbereiding vir 'n nuwe seisoen van saai en oes.

Die volle sesde maand van *Elul* tot en met die fees van *Yom Kipur* is 'n tydperk waarin ons by *YAH* pleit vir vergifnis van alles waarin ons die afgelope jaar as mens gefaal het. Alhoewel hierdie ook 'n daaglikse gebruik behoort te wees, word hierdie 40 dae van vergifnis gesien as die tydperk waartydens *YAH* nie net gelowiges nie, maar ook diegene buite die Weg van Waarheid, aanmoedig om na Hom te keer, om terug te kom op die pad wat Hy ons deur *Yeshua* kom leer het. Volgens oorlewering sou dit ook gedurende hierdie tydperk wees dat *Mosheh* 40 dae op die berg *Sinai* deurgebring het (*cf. Sh'mot* 24:18). Skrif leer ons egter dat daar ook 'n tweede tydperk was waartydens *Mosheh* 40 dae en 40 nagte op *Sinai* spandeer het sonder kos en water (*cf. Sh'mot* 34:28).

Die jaarlikse leesplan wat ons gebruik om Skrif binne een jaar volledig deur te lees, word slegs beplan rondom die afgesonderde feesdae en toepaslike gedeeltes uit Skrif. Dit is egter wonderlik om te ervaar dat die profeet *Mikhah* ook tydens hierdie tydperk ingesluit is, soos ons lees:

> *Mikhah* 7 [18]Wie is 'n *El* soos U, wat die onregverdigheid vergewe en die rebelse dade laat verbygaan van hulle wat oorbly van Sy besitting? Hy behou nie Sy woede vir ewig nie, want Hy verheug Homself in onveranderlike liefde. [19]Hy sal weer liefdevolle omgee vir ons hê; Hy sal ons onregverdighede onder Sy voet vertrap. Ja, U sal al hulle sondes in die dieptes van die see gooi.

Een feit wat geen gelowige ooit moet vergeet nie, is dat *Yom T'ruah* **NIE** die Joodse fees van *Rosh Hashanah* is nie. Die term "*Rosh Hashanah*" vertaal letterlik as "hoof/begin van die jaar", maar dit is nie die Skriftuurlike jaar nie. Invloed vanuit die kultuur van *Bavel*, veral tydens die volk se ballingskap, het meegebring dat sommige skrifgeleerdes hulself aangematig het om die Skriftuurlike fees van *Yom T'ruah* te verander na *Rosh Hashanah*. Hulle verweer strek uit hul navorsing dat die huidige aarde geskep is op die 25ste dag van die vorige (tans sesde) maand, waarna *'Adam* op die eerste dag van hierdie maand geskape is –

1 Aanhalings word geneem uit die PWL-vertaling, Pad van die Waarheid, tensy anders vermeld. 'n Gedrukte weergawe is verkrygbaar direk vanaf ons bediening, of by die vertaler, Gerrie Coetzee: gerrie@padwlewe.org.za, 0743612134. Die webblad: https://www.padwlewe.org.za/PWLTuis.html

iets wat moontlik haalbaar sou wees. Daar is egter geen Skrif wat hierdie bewering kan bewys of weerlê nie, derhalwe sal dit slegs as oorlewering beskou word, waarby ons volstaan.

Die ander oortuiging vanuit die kringe van die *Y'hudim*, is die herskepping van die aarde na die sondvloed, aangesien dit die dag sou wees wanneer *Noach* uit ark gekom het, op die "nuwe aarde":

> *B'reisheet* 8 [13]Dit het so gebeur dat in die ses honderd en eerste jaar, in die eerste maand, op die eerste van die maand, die waters weggedroog het van die aarde af en *Noach* het die dak van die ark afgehaal, uitgekyk en let op, die oppervlak van die aarde was droog!

Hier is dit nodig dat ons aanneem dat die eerste maand van die antieke tyd wel ooreenstem met die huidige sewende maand, soos ons binnekort sal sien dat *YAH* veranderinge aanbring ter wille van Sy uitgesoekte en afgesonderde volk. Met hierdie agtergrond is dit gebruiklik dat die burgerlike jaartal tydens die sewende Hebreeuse maand verander, maar dit is nie werklik 'n nuwe jaar vir gelowiges nie. *Mosheh* het opdrag van *YAH* ontvang:

> *Sh'mot* 12 [2]"Hierdie maand sal vir julle die begin van die maande wees; dit sal vir julle die eerste van die maande van die jaar wees.

Die tydperk waartydens *Mosheh* hierdie opdrag ontvang het, was kort voor die uittog uit *Mitzrayim*, gedurende die lente seisoen in daardie gebied. Hierdie maand staan algemeen bekend as *Nisan*, iets wat oorgeneem is tydens ballingskap in *Bavel*. Die naam in Skrif is egter *Aviv*, wat dui op 'lente' of 'rypwording'. As slawe het die volk van *Yisra'el* ingeval by die gebruike van die heidense volk. Hulle was vertroud met heidense kalenders en feeste, onbekend met *Shabbat* en enige reëls wat *YAH* vanaf hierdie punt sou instel. Die enigste manier om die volk hiervan te laat afsien, was om die kalender 180 grade te swaai met dit waaraan hulle gewoond was. Ons sien bevestiging van hierdie verandering baie jare nadat die volk uit *Mitzrayim* weg is:

> *M'lakhim Alef* 6 [1]Dit het gebeur in die vier honderd en tagtigste jaar ná die seuns van *Yisra'el* uit die land van *Mitzrayim* uitgekom het, in die vierde jaar van *Shlomo* se regering oor *Yisra'el*, in die maand *Ziv*, dit is die tweede maand, dat hy begin het om die huis van יהוה te bou.

Die woord *Ziv* beteken 'glansrykheid' of 'skittering', as gevolg van die bloeisels wat aan die bome verskyn. As gevolg hiervan gebruik Skrif dit om weereens vir ons 'n spesifieke tydperk aan te dui. Ons leer ook die naam '*etanim*' as die naam vir die sewende maand, nie in ons gunsteling Afrikaanse vertaling nie, maar wel vanuit die Hebreeus אֵתָנִ֛ים (*ê-ta-<u>Niem</u>*), sowel as sommige Engelse vertalings:

> *M'lakhim Alef* 8 [2]En al die manne van Israel het by koning Salomo op die fees vergader in die maand Étanim, dit is die sewende maand. [Afr 1953]

Alhoewel *Yom T'ruah* tydens 'n nuwe maan, dus ook 'n nuwe maand, gevier word, sou dit die sewende maand wees van *YAH* se kalender. Hierdie word duidelik weerspieël in Skrif:

> *Vayiqra* 23 [23]יהוה het met *Mosheh* gepraat en gesê: [24]"Praat met die seuns van *Yisra'el* en sê: 'In die sewende maand, op die eerste dag van die maand, moet julle rus. Dit is 'n gedenkdag deur die blaas van die ramshoring (*shofar*), 'n afgesonderde byeenkoms. [25]Julle mag géén gewone werk doen nie en offer aan יהוה 'n offer, deur vuur.'"

Die sewende maand op *YAH* se kalender vind plaas tydens die herfs seisoen in die land van Israel, nadat meeste van die graan van die lande ingeoes is. Die enigste oeste wat nou oorbly, is vrugte wat insluit druiwe, vye, olywe en granate. As gevolg hiervan, verkrag die *Y'hudim* die Woord van *YAH* deur een spesifieke vers:

*Sh'mot* 34 [22]Jy moet die Fees van Weke hou, die fees van die eerstelinge van die graan-oes en die Fees van Insameling, by die **wisseling van die jaar**. [nadruk bygevoeg]

Hierdie vers word gebruik om te insinueer dat die "wisseling van die jaar" gedurende die sewende maand sou plaasvind. Dit is egter nie wat Skrif ons leer nie, aangesien "wisseling van die jaar" na regte verwys na die volledige oestyd wat voltooi is en die grond wat verwissel sal word, van nuuts af bewerk word, om die oeste vir die komende seisoen te kan voorberei.

Terwyl daar baie onsekerhede is oor wanneer die nuwe maan plaasvind, stem ons nie saam met die algemene oortuiging dat die nuwe maand aanbreek met die eerste sigbare skrefie lig na donkermaan nie. Ons oortuiging is tans dat 'n nuwe maand aanbreek tydens die donkerste deel van die maan, dus met die sameloop of versmelting (Engels 'conjunction'), wanneer geen lig vanuit die maan sigbaar is nie, wanneer hernuwing plaasvind. Deur waar te neem hoe die maan afneem, is dit makliker om te bepaal wanneer volledige donkerheid sal plaasvind, as om te raai wanneer die eerste skrefie sal verskyn. Skrif leer ons geensins dat 'n nuwe maand deur die eerste skrefie lig op die maan aangedui word nie[2]:

> "The Bible does not explicitly state that a new month starts with the first sliver of the moon, but the Hebrew word for month, 'Hodesh' [חֹדֶשׁ (*Gô-desh*], is closely related to the New Moon. Some **interpretations suggest** that the New Moon is marked by the first visible crescent, as indicated in Exodus 12:2, where God instructs Moses about the beginning of months."

Uit bogenoemde aanhaling, wat ook verwys na ander bronne, is dit duidelik dat aannames gemaak is deur rabbynse wysgere sonder die bevestiging in Skrif. Die woord *chodesh* verwys na die "nuwe maan" en impliseer ook 'maand', vanwaar laasgenoemde afkomstig is. Daar word egter geensins melding gemaak van skrefie of flenter in enige vertaling nie – selfs king Jimmy. Ons mag onsself dus nie die reg toeëien om iets in Skrif te plaas (isogese – inleeskunde) wat nie daar is nie (*cf. D'varim* 4:2; 12:32; *Mishle* 30:6; Openbaring 22:18-19; *Mattityahu* 5:17-19). Alhoewel daar baie argumente bestaan wat die skrefie of flenter van die maan as die 'nuwe' maan sou sien, volstaan ons vir eers by ons oortuiging. Dit is jammer dat baie mense hulself skaar by mensgemaakte reëls sonder grondige oortuiging, eerder as om die antwoord in Skrif te soek.

Skepping het tydens donker begin en *YAH* het die eerste lig gemaak (*cf. B'reisheet* 1:3), vanwaar die res daarna ontstaan het en geskep is. 'n Embrio is in die donker tydens 'n vrou se swangerskap en sien eers lig nadat volledige groei plaasgevind het. 'n Nuwe dag begin nadat die son gesak het, in die bykans donker, derhalwe sal 'n nuwe maan ook donker wees. Ons wil egter net die versekering gee dat hierdie persoonlike oortuiging is en op niemand afgedwing word nie. Elke persoon het die reg om van ander te verskil. Dit gaan ook nie enige voordeel of nadeel inhou vir ons verlossing nie.

Deur die eeue het sekere interessante gebruike ontstaan wat tydens *Yom T'ruah* in werking gestel is. Alhoewel meeste nie gegrond word in Skrif nie, is sommige dalk 'n goeie gebaar, veral teenoor ons broers en susters wat ook op hierdie Weg van Waarheid is. Tydens die fees word 'n spesifieke uitdrukking gebruik: "Mag jy ingeskryf en geseël word in die boek van die lewe vir 'n goeie jaar." Die *Y'hudim* het ook die gebruik om lekkernye te maak uit appels, heuning, vye, rosyntjies en granate. Dit sluit aan by die tema van 'n "soet jaar" en die uitdrukking wat ons sopas gesien het. Hulle is ook van mening dat die eet van soetighede mag help om die droefheid teë te werk wat gepaard gaan met berou. Daar is ook diegene wat tydens *Rosh Hashanah* die wens uitspreek dat hul goeie dade so veel mag wees as die sade in 'n granaat. Ons mening is egter dat die werklik, Skriftuurlike *Rosh Hashanah* ses maande gelede plaasgeving het.

---

2 Hierdie aanhaling is saamgestel deur gekunstelde begrip.

Die fees van *Yom T'ruah* is die eerste van drie feeste wat nog nie deur *Yeshua* vervul is nie. Daar is genoeg bewyse uit Skrif dat *Yeshua* alreeds die eerste vier feeste vervul het, tot op die minuut, derhalwe beskaam die verwagting nie dat hierdie laaste vier feeste ook mettertyd vervul sal word. Die algemene verwagting is dat *Yeshua* se wederkoms tydens *Yom T'ruah* sal plaasvind. Een van die grootste bewyse sien ons uit die pen van *Sha'ul*:

> 1 Thessalonisense 4 [16]want Hy, ons Meester, sal vanaf die hemel afkom met 'n bevel, met die stem van die hoof boodskapper en met die geklank van die trompet van *Elohim* en dié wat in Die Gesalfde Een gesterf het, sal eerste opstaan

Ons eerste kennismaking met 'n ramshoring, inteendeel, enige vorm van trompetgeskal, is waar die volk van *Yisra'el* by *Sinai* staan. In opdrag van *YAH*, moet *Mosheh* sorg dat die volk en hul diere nie die berg aanraak nie:

> *Sh'mot* 19 [13]Geen hand mag aan hom raak nie, maar hy moet gestenig word met klippe of met 'n pyl geskiet word; of dit 'n dier of 'n mens is; hy mag nie lewe nie. As die ramshoring 'n lang geluid blaas, mag hulle opgaan na die berg."

Hier dui die lang geluid van die ramshoring dus op 'n uitnodiging, selfs op lewe, die teenoorgestelde van wat sou gebeur indien die berg sonder toestemming genader sou word. Ons leer van 'n seën wat *YAH* oor gelowiges uitstort rakende die *t'ruah*, wat ook kan vergelyk met die geskal van 'n *shofar*:

> *Mizmor* 89 [15](16) Geseënd is die volk wat die geklank [*t'ruah*] ken; o *Yahweh*, hulle wandel in die lig van u aangesig. [WeG]

Wanneer ons die klank ken, soos in hierdie vers uitgebeeld, is dit soos om die woorde van *Yeshua* te hoor:

> *Yochanan* 10 [27]My skape hoor My stem, Ek ken hulle en hulle loop saam met My.

Alhoewel ons geensins datums vasmaak of enigsins daarop probeer aanspraak te maak om te weet wanneer *Yeshua* sy bruid kom haal nie, gee Skrif ons 'n baie duidelike aanduiding gedurende watter tydperk dit mag plaasvind, ongeag die jaar. Die afgesonderde feestyd van *Yom T'ruah* is dus 'n geestelike skadubeeld van *Yeshua* se wederkoms. Soos by *Sinai*, toe die volk die eerste tasbare afskrif van *Torah* ontvang het, tydens die lang geluid wat geblaas word, sal daar weer trompetgeskal wees, die *shofar* van *YAH*, wat aankondig dat *Yeshua* aan 't kom is:

> 1 Korinthiërs 15 [52]skielik, soos die knip van 'n oog, by die laaste ramshoring, wanneer dit sal blaas en die dooies onverganklik opgewek sal word en ons verander sal word,

Ter inligting maak ons graag melding van 4 verskillende geluide wat gewoonlik gebruik word met die *shofar*, moontlik ook met trompette:

- תקיעה (*t'Qi-ah*): 'n lang, uitgerekte klank. Die doel van *Yom Teruah* is om *YAH* as ons Koning te kroon. *T'qiah* is die klank van die koning se koms en bekroning. In die Tuin van *'Eden*, was *'Adam* se eerste daad om *YAH* as Koning uit te roep. Nou roep die *shofar* vir ons en die wêreld uit: *YAH* is ons Koning. Ons kry ons waardes in orde en draai terug na die realiteit van *YAH* as die Een wat die wêreld beheer, geskiedenis rig, berge versit en vir elkeen van die mense afsonderlik en persoonlik omgee.
- תְּרוּעָה (*t'ru-Ah*): 9 vinnige klanke wat kort op mekaar volg. Dit verteenwoordig 'n wekker, wat ons opwek uit ons geestelike sluimering. Die *shofar* bring helderheid, waaksaamheid en fokus. Alhoewel ons nie die *Talmud* as wet aanvaar nie, is dit goed om daarop te let dat dit sê: "As daar oordeel van onder is, is daar geen nodigheid vir oordeel van bo nie." Wat dit beteken is dat, indien ons die tyd neem en 'n opregte, realistiese model bou van hoe ons in die verlede tekort

gekom het en wat ons verwag om te verander in die toekoms, *YAH* ons nie hoef "wakker te maak" vir wat ons reeds weet nie.

- שְׁבָרִים (*shê-wa-Riem*): 3 medium huilende klanke. Die Kabbaliste sê dat *shevarim* die snikkende huil sou wees van 'n Joodse gees – verlangend na *YAH* om te verbind, te groei, te bereik. Elke persoon het die vermoë om te verander en tot volle potensiaal te kom. Dit kan baie vinniger bereik word as wat jy kan droom. Die sleutel is om te bid uit die diepte van jou wil, emosie en verstand en *YAH* te vra vir die vermoë om tot volheid te kom. Die oomblik wanneer die *shofar* geblaas word, roep ons uit die diepte van ons gees, wil, emosie en verstand na *YAH* toe uit. Hierdie is die oomblik, wanneer ons lewe voor die Almagtige staan met geen hindernisse nie, dat ons waarlik kan oorgee.
- תקיעה גדולה (*t'Qi-ah g'dô-Lah*): soortgelyk aan die gewone *t'qiah*, maar dit word so lank as moontlik geblaas. Tans is die gebruik hoofsaaklik aan die einde van *Yom Kipur.*

Ons lees die woorde van *Yeshua*, soos hy aan sy *talmidim* verduidelik het rondom die eindtyd:

> *Mattityahu* 24 [31]Hy sal Sy boodskappers uitstuur met groot ramshorings en hulle sal Sy verkorenes bymekaarmaak uit die vier windstreke, van die een uiterste van die hemele af tot by die ander uiterste daarvan.

Hierdie sluit in geheel aan by die sewe boodskappers waarvan ons lees in Openbaring, wanneer die laaste trompet geblaas sal word:

> Openbaring 11 [15]Die sewende boodskapper het geblaas en daar was harde stemme in die hemel wat sê: "Die koninkryk van die wêreld het die Koninkryk van ons Meester en van Sy Gesalfde Een geword en Hy sal heers vir tydlose ewigheid."

'n Profesie wat nog in vervulling moet kom, soos die laaste vier afgesonder feeste, maar inderdaad iets om na uit te sien. Net soos die trompetgeskal uit antieke tye die volk van *YAH* tot orde geroep het, sal die laaste trompetgeskal die insameling van *YAH* se getroue gelowiges bymekaarmaak vir 'n hemelse vernuwing, 'n gebeurtenis by 'n plek saam met *YAH*, waar trane afgedroog sal word, geen sonlig nodig sal wees nie en ook waar die bose nooit weer teenwoordig sal wees nie.

*Yom T'ruah* is dus **nie** dieselfde as *Rosh Hashanah* nie en kan dit ook nie vervang nie. Voordat die volk uit *Mitzrayim* verlos is, het *YAH* die kalender verander en geen mens op aarde het die reg om dit enigsins aan te pas ten einde hul eie doelstellings te bevredig nie. *Chag sameach*! Geseënde fees! Mag jou naam in boek van die lewe opgeteken word.

*Yom T'ruah* 5786/2025

Ons is dankbaar vir kort bydraes van Johan Kriel wat ons hier met toestemming kon gebruik.